Ark Blitz

Les 16 – OP N SLEGTE PLEK

Maats lees: Eks1 :1-22

Soms bring die pad van ons lewe ons uit op plekke waar ons nie wil wees nie.. Daar is selfs kinders van die Here wat dink wanneer hulle Hom dien, moet dit altyd met hulle goed gaan. Dit is nie waar nie. Slegte dinge gebeur ook met God se kinders. In die tyd toe Josef geleef het, het sy pa, Jakob, en sy hele familie in Egipte gaan woon omdat daar hongersnood in die grootste deel van die wêreld was.

Hulle het uit Kanaän weggetrek en uiteindelik by Sukkot in Egipte gaan bly.

Vir die koning van Egipte, die farao, was die Israeliete op die verkeerde plek. Hulle was vir hom ‘n bedreiging. Daarom het hy slinkse planne gemaak om hulle in alle opsigte te benadeel en te onderdruk. Maar die farao kon nie sy plan laat slaag nie, want die Here se plan met sy volk Israel was anders en groter as die farao s’n. Die Here was met die Israeliete op pad. Al het dit vir hulle gevoel of hulle op ‘n slegte plek was, was die Here steeds in beheer. Hy was besig met hulle en op pad met hulle.

Die gebuigte lyne wys na ‘n tyd wat ‘n slegte tyd was vir die Israeliete, maar God hoor en sy antwoord kom deur ‘n baba net soos in die nuwe testament het die antwoord van God gekom deur ‘nbaba.





Skryf ‘n “WATTSAPP” aan die slawe drywe jou so sleg behandel het.

Onthou jy is ‘n kind van God!!